# Verkragting kan só gestuit word

**Vlugskrif**
Amanda Gouws



Verlede Donderdag het die Universiteit Stellenbosch sy tweede *"topless"*-protes op die kampus gesien toe vrouestudente hulle ten sterkste teen die verkragtingskultuur op die kampus uitgespreek het. Die protes was ook in solidariteit met die "RU Reference List" – die lys met 11 name van vermeende verkragters by die Rhodes-Universiteit, waar vrouestudente ook *"topless"* geprotesteer het.

Die protes steun op protes teen die verkragtingskultuur aan Amerikaanse universiteite en die "Femen-verskynsel" wat in die Oekraïne begin is. Femen is 'n groep feministe wat nakend en slegs in hul broekie met slagspreuke op hul liggaam geskryf teen die behandeling van vroue protesteer. Hulle het hul protes na baie Europese lande geneem.

Die vraag is of dit die regte boodskap uitdra en of hulle eerder deur mans as seksobjekte beskou word en die protes dus teenproduktief is.

'n Verkragtingskultuur is omstandighede wat daartoe bydra dat verkragting genormaliseer word. Op universiteitskampusse gaan dit oor houdings, oortuigings en koshuispraktyke waarin vroue met gebrekkige respek behandel word, verneder word en hul menswaardigheid aangetas word. Dít normaliseer verkragting omdat geslagsgeweld nie ernstig opgeneem word nie en vroue vir die verkragtings geblameer word.

'n Verkragtingskultuur onderskryf verkragtingsmites soos: Hoekom was sy so laat uit op straat? Hoekom het sy 'n kort rok gedra? Hoekom het sy gedrink? Sy het dit gesoek.

Die Zuma-verkragtingsaak is 'n klinkklare voorbeeld van verkragtingsmites. Mense (baie vroue) het voor die hof gesing: "Burn the bitch." Hulle het die slagoffer se foto verbrand en haar met klippe gegooi. Sý was die een wat tereggestaan het – nie Zuma nie.

Die aanklaer het haar 'n *"serial rape accuser"* genoem wat nie die verskil tussen instemming en nie-instemming ken nie. Die uitgangspunt is dat die verkragting *nie* plaasgevind het nie, eerder as dat dit wel plaasgevind het.

Hierdie situasie speel hom dikwels in die hof af, en dit is hoekom baie vroue nie verkragtings aanmeld nie.

In haar boek *The Power of Law* skryf Carol Smart hoe die reg in die geval van verkragting vroue se ervarings diskwalifiseer, hulle tot leuenaars verklaar en hulle verneder, terwyl die oortreders dikwels letterlik met verkragting wegkom.

*"Date rape"* op kampusse kom algemeen voor, maar min gevalle word aangemeld omdat vroue hulself dikwels daarvoor blameer dat hulle in hierdie situasie beland het waar "nee" as "ja" geïnterpreteer is. Hulle vertrou nie die kampusprosedures om geglo te word nie. Dit is die omstandighede onderliggend aan 'n verkragtingskultuur, en vroue is nie meer bereid om stil te bly nie, want van die oortreders sit saam het hulle in die klasse.

Vanuit 'n regshoek is die bekendmaking van name van vermeende verkragters egter hoogs problematies omdat iemand onskuldig is totdat 'n hof hom skuldig bevind – en dit kan jare duur. Intussen kan vroue wat beskuldigings maak vir laster of naamskending voor die hof gedaag word.

Die rektor van Rhodes het hom die woede van studente op die hals gehaal toe hy gesê het die mans op die lys sal nie oorhandig word om "ge-*name* en ge-*shame*" te word nie.

Verkragting verwoes vroue se lewe. Vals beskuldigings doen dit ook. Vroue is moeg daarvoor om geblameer te word. Hulle sê: "Moenie vroue leer om verkragting te voorkom nie; leer mans om nie te verkrag nie."

Totdat baie mans leer dat hulle nie aan die einde van 'n afspraak op seks geregtig is nie, sal die verkragtingskultuur 'n probleem bly.